PANORAMA LAERSKOOL
PRIMARY SCHOOL
MALMESBURYSTRAAT/STREET
WELGELEGEN PAROW 7500

Geagte Ouers

24 Oktober 2024

VERPLIGTE SKOOLFOOIE: 2025

Tydens die vergadering, gehou op 23 Oktober 2024, is die voorgestelde begroting en skoolfonds eenparig aanvaar deur die ouers wat teenwoordig was en ten gunste gestem het.

Skoolfonds is 'n wettige verpligting in terme van Artikel 40 van die Suid Afrikaanse Skolewet. Biologiese/aanneemouers is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik en verplig om die skoolfooie te betaal, ongeag van hul huweliksstatus. ***Dit bly dus die verantwoordelikheid van die ouer by wie die leerder(s) woonagtig is, om die inhoud van alle korrespondensie/ kennisgewings aan die ander party oor te dra.***

1. SKOOLFOOIE	**R22 800.00 per leerder per jaar.**

Die hele jaar se skoolfonds is vooruit betaalbaar en die rekening sal dienooreenkomstig gehef word.

- Fooie kan ten volle betaal word voor of op 31 Desember 2024 in welke geval u kwalifiseer vir 'n korting van R1 800.00. Bedrag betaalbaar dus R21 000.00 per leerder. Geen laat betaling sal vir korting kwalifiseer nie. Vir dié opsie sal geen kontantbetalings by die skool aanvaar word nie. Slegs elektroniese betalings/direkte bank depositos.

- U mag ook skoolfonds maandeliks betaal: R2 280.00 per maand per leerder oor 10 maande.

  Daar word van maandelikse betalers verwag om 'n debietordermagtiging te teken. Daar is 3 datum opsies beskikbaar:
  - 17 Januarie 2025 tot 17 Oktober 2025 (beide maande ingesluit)
  - 27 Januarie 2025 tot 27 Oktober 2025 (beide maande ingesluit)
  - 1 Februarie 2025 tot 1 November 2025 (beide maande ingesluit)

- Alternatiewelik kan u skoolfonds van R2 075.00 per maand per leerder oor 11 maande betaal.
  Baie belangrik: Hierdie opsie sal slegs per debietorder betaalbaar wees (1 Februarie 2025 tot 1 Desember 2025). U moet asseblief *vroegtydig en skriftelik* aansoek doen deur 'n e-pos te stuur aan schoolfees@panoramaps.co.za.

- Skoolfonds geniet prioriteit. Alle gelde ontvang sal eers na skoolfonds geallokeer word.

Sou u enige probleme ten opsigte van betalings van skoolfonds ondervind, moet u asseblief *vroegtydig en skriftelik* die Beheerliggaam van u situasie in kennis stel.

2. BANKBESONDERHEDE:
Absa Parow : Takkode 632005
Rekeningnommer 390 491 441
Rekeningnaam: Laerskool Panorama : Lopende rekening
Baie belangrik : Gebruik asb. u persoonlike rekeningnommer vir skoolfondsbetaling. Verwysing verkrygbaar by die skool.

3. GEDEELTELIKE VRYSTELLING VAN BETALING VAN SKOOLGELDE

U kom slegs hiervoor in aanmerking indien u volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet Regulasies daarvoor kwalifiseer. Vorm is op aanvraag by die skool beskikbaar en moet voor 31 Januarie 2025 ingehandig word.

4. INVORDERINGSBELEID

Die ouers se verantwoordelikheid ten opsigte van skoolfonds:
Afdeling 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA) bepaal dat die ouers aanspreeklik is vir die betaling van skoolfonds, tensy hulle volle vrystelling vir die betaling daarvan ontvang het. Verwys na die regulasie wat verwys na die vrystelling vir ouers vir die betaling van skoolfonds, 2006. Die invordering van agterstallige skoolfonds sal dus streng geskied in ooreenstemming met die regulasies soos dit uiteengesit is in die Suid Afrikaanse Skolewet.

Verwys na Regulasie 3(1)(e) en 41(1),(4) en (5)
Regsaksie sal ingestel word teen ouers om agterstallige skoolfonds te in, waar ouers in gebreke bly om aansoek te doen vir vrystelling, nie kwalifiseer vir vrystelling nie of nie die skoolfonds betaal *binne drie maande* nadat hulle 'n skriftelike aanmaning ontvang het nie. In so 'n geval sal die ouers ook aanspreeklik gehou word vir enige regskoste aangegaan en ook vir die rente op die volle uitstaande skoolfonds bedrag.

5. NASORGFOOI	**R13 700.00 - per leerder per jaar (voldag)** **R8 500.00 - per leerder per jaar (wagperiode)**

Skoolfonds moet u eerste prioriteit wees.
Nasorgdiens mag gestaak word indien u uitstaande skoolfonds het.

- Fooie kan ten volle betaal word voor of op 31 Desember 2024 in welke geval u kwalifiseer vir 'n korting van R1 000.00. Bedrag betaalbaar dus R12 700.00. Geen laat betaling sal vir korting kwalifiseer nie.

- Voldag: Gr R - 7: R1 370.00 per maand per leerder (1 Februarie – 1 November 2025 per debietorder)

- Wagperiod: Gr R - 2: R850.00 per maand per leerder (1 Februarie – 1 November 2025 per debietorder)
  Diens beskibkaar vanaf 12:30 tot 14:30 STIPTELIK.

  NB: Debietorder is verpligtend indien u die maandelikse opsie uitoefen. Debietorders word sleg op 1ste maandeliks afgetrek. Geen alternatiewe debietorderdatums beskikbaar nie.

6. MUSIEKFOOI per leerder

Skoolfonds moet u eerste prioriteit wees.
Musiekonderrig sal gestaak word, indien u uitstaande skoolfonds het.
Streng betaalbaar op die 1ste dag van elke kwartaal.

R2 040.00 : 1 uur per week per kwartaal vir individuele onderrig
R1 130.00 : ½ uur per week per kwartaal vir individuele onderrig
R1 350.00 : 1 uur per week per kwartaal vir groeponderrig
R730.00 : ½ uur per week per kwartaal vir groeponderrig
R650.00 : Gr 2 blokfluitkursus per kwartaal
R620.00 : Gr 1 Verrykingsprogram per kwartaal
R470.00 : ½ uur teorie onderrig, 1 les per week
R540.00 : Gr R Verrykingsprogram per kwartaal

Aansoekvorms om musiekonderrig te ontvang, is beskikbaar by die kantoor. Slegs beperkte spasie beskikbaar.

7. VOORSORGFOOI

Streng vooruitbetaalbaar voor of op die 1ste dag van elke maand.
R260.00 per maand per leerder.
R55.00 per leerder vir dagfooi.
Geen kortingopsie beskikbaar

8. KUNSFOOI BUITEMUURS

Streng betaalbaar op die 1ste dag na die aanvang van 'n kwartaal.
Kunsfooi: R430.00 per kwartaal per leerder: 1 uur per week. Voltooi die Google vorm om in te skryf.

9. BETAALWYSES

- DEBIETORDERS: SKOOLFONDS EN NASORG: Bestaande debietorders se bedrag sal outomaties aangepas word om voorsiening te maak vir die verhoging. Indien 'n leerder bygevoeg of afgehaal moet word, moet u ons egter asseblief skriftelik in kennis stel. Enige ander veranderinge aan u debietorder moet skriftelik deurgegee word aan die skool.
- d6 CONNECT: Invordering van betalings vir onder andere fondsinsamelings en kampe, sal deur middel van die *d6 Connect* toepassing gebeur.
- KONTANT en ELEKTRONIESE betalings word uitgefaseer. Indien u nog op hierdie wyse betaal, word u aangemoedig om so spoedig moontlik 'n debietordermagtiging te teken. Die vorm is beskikbaar by die kantoor. U kan dit ook per e-pos aanvra: schoolfees@panoramaps.co.za.

10. KORRESPONDENSIE / KOMMUNIKASIE

- Per hand saam met leerder(s)
- Via e-pos
- Via publikasie op die webtuiste.
- Via *D6 Connect*
- Via sms.

Dit bly die ouer(s) se verantwoordelikheid om die skool in te lig, indien u selfoonnommer en/of adres verander.

d6 CONNECT TOEPASSING
d6 Connect word gebruik vir alle amptelike skool kommunikasie asook die invordering van fooie (kampe, fondsinsamelings). Indien u nog nie die toepassing afgelaai het nie, moet u dit asseblief onmiddellik doen. Die toepassing is beskikbaar op Google Play store en Apple iStore.

Die uwe

S GRAHAM
TESOURIER
BEHEERLIGGAAM
user3/fin skf 2025

A MOSTERT
SKOOLHOOF